MN 13

HUMAN
SCIENCES
RESEARCH
COUNCIL

INSTITUTE FOR MANPOWER RESEARCH

INSTITUUT VIR MANNEKRAGNAVORSING

RAAD VIR
GEESTESWETENSKAPLIKE
NAVORSING

# DIE VERBAND TUSSEN INKOMSTE EN BESTEDING IN GIYANI, MA-KWARELA EN SESHEGO

## NAVORSINGSBEVINDING * RESEARCH FINDING

001.3072068 HSRC
CONFIDENTIAL MN 13

| Klasnr./Class No. | Registernr./No. |
| --- | --- |
| 001.3072068 HSRC MN 13 | 26584/5 |

RGN RAAD VIR GEESTESWETENSKAPLIKE NAVORSING

BIBLIOTEEK
LIBRARY

HSRC HUMAN SCIENCES RESEARCH COUNCIL

RGN-BIBLIOTEEK
HSRC LIBRARY

HUMANITAS
RGN • HSRC

26584

VERVALDATUM/DATE DUE

AVORSING

IYANI,

DE KLERK, M.ADMIN.

DIREKTEUR : W. VERHOEF

PRETORIA

1974

avorsingsbevinding Nr. M-N-13

0000528919

2844363866

OC1.3072068 HSRC MN 13

*052891*

# INHOUD

| HOOFSTUK | | BLADSY |
|---|---|---|
| 1 | DOEL EN AGTERGROND | 1 |
| 2 | METODE | 2 |
| 3 | DIE BESTEDINGSPATROON | 3 |
| 4 | GEVOLGTREKKING | 8 |

HSRC
STANDKODE
001.3072068 H-SRC MN B
26584
5

## 1 DOEL EN AGTERGROND

Die ekonomiese ontwikkeling van die Bantoetuislande hang ten nouste saam met die ontwikkeling van fabriekswese in bepaalde nywerheidsgroeipunte. Deur nywerheidsontwikkeling in of naby die gebiede waar groot konsentrasies Bantoes woonagtig is, word werkgeleenthede geskep wat 'n inkome aan die betrokke werkers besorg. Namate inkomes en lewensstandaarde styg, sal daar noodwendig 'n groter vraag na tersiêre goedere en dienste ontstaan. Hierdie vraag na goedere en dienste sal in 'n groot mate afgelei kan word van klemverskuiwings in die algemene bestedingspatroon namate inkomes toeneem.

In hierdie ondersoek word gepoog om die verandering wat in die bestedingspatroon plaasvind namate inkomes toeneem, ten opsigte van Giyani, Ma-Kwarela en Seshego te ontleed.

Gegewens wat in hierdie ondersoek gebruik word, is verkry uit vraelyste wat gedurende April 1972 met behulp van Bantoeveldwerkers tydens werkgeleentheidsopnames ingevul is. Vir elke persoon 15 jaar en ouer en wat nie nog op skool, kollege of universiteit was nie, is 'n vraelys ingevul. Die ondersoek het geskied in samewerking met die Instituut vir Sosiologiese, Demografiese en Kriminologiese Navorsing van die RGN wat terselfdertyd 'n ondersoek ingestel het na die leefbaarheid van die drie dorpe.

In Seshego is altesaam 790 wooneenhede in die opnames betrek, wat ongeveer 13 persent van die universum verteenwoordig. In Giyani en Ma-Kwarela is gepoog om 'n universumopname te maak, maar vanweë praktiese probleme soos afwesigheid van huisbewoners tydens besoeke moes volstaan word met 208 huiseenhede in Giyani en 192 huiseenhede in Ma-Kwarela. Dit verteenwoordig tussen 80 en 90 persent van die universum in die geval van Ma-Kwarela en meer as 90 persent in die geval van Giyani.

Wat die betrokke dorpe betref, kan kortliks daarop gewys word dat Giyani, Ma-Kwarela en Seshego onderskeidelik die administratiewe hoofstede van Gazankulu, Venda en Lebowa is. Seshego is naby 'n groot Blankedorp (10 km van Pietersburg) geleë, terwyl Giyani en Ma-Kwarela ver van die grense van Blankegebied af en minstens 70 km van die naaste Blankedorp geleë is. Laasgenoemde twee dorpe is weer na aan ou bestaande handelsposte geleë. Die meeste besighede by Ben Stores wat sowat 5 km van

Giyani geleë is, asook die besighede by Sibasa, sowat 5 km van Ma-Kwarela, behoort reeds aan òf die BBK òf aan burgers van die betrokke tuislande. Aangesien bykans alle handel in die twee dorpe by die ou en nabygeleë handelsposte gedryf word, is dit as integrerende dele van die twee dorpe beskou.

## 2 METODE

Vir doeleindes van hierdie ondersoek, is die persoonlike maandelikse besteding van alle ekonomies bedrywige persone in 14 bestedingskategorieë verdeel, te wete-

(a) bydraes tot huishoudelike uitgawes,

(b) huishuur,

(c) brandstof,

(d) vervoer,

(e) kruideniersware en voedsel,

(f) klerasie,

(g) paaiemente op duursame goedere,

(h) besparing,

(i) medisyne en doktersgelde,

(j) skryfbehoeftes en toiletware,

(k) rookgoed,

(l) drank,

(m) kerkbydraes en

(n) ander.

Wat die vlak van inkomste betref, is alle persone verder in drie groepe ingedeel, naamlik:

(a) Groep 1 : persoonlike maandelikse inkomste R1 tot R49,

(b) Groep 2 : persoonlike maandelikse inkomste R50 tot R99,

(c) Groep 3 : persoonlike maandelikse inkomste R100 of meer.

Die absolute en persentuele verskille in gemiddelde besteding per persoon tussen bogenoemde drie groepe ten opsigte van die 14 bestedingskategorieë, word vervolgens ondersoek vir Giyani, Ma-Kwarela en Seshego.

## 3 DIE BESTEDINGSPATROON

Die totale maandelikse besteding van alle persone wat oor 'n inkomste beskik het asook die gemiddelde maandelikse besteding per persoon (absoluut en persentueel) vir die drie inkomstegroepe ten opsigte van die 14 bestedingskategorieë, word vir Giyani, Ma-Kwarela en Seshego onderskeidelik in tabelle 3.1, 3.2 en 3.3 aangedui. Dit dien daarop gelet te word dat dié syfers gebaseer is op inkomstes en besteding soos in April 1972. Hoewel inkomstes en dus ook besteding sedertdien toegeneem het, is die werklike vlak van inkomste en van besteding nie van wesentlike belang in hierdie ondersoek nie, aangesien slegs gepoog word om die klemverskuiwing van besteding namate inkomstes styg, aan te toon.

By nadere beskouing van tabelle 3.1, 3.2 en 3.3 blyk duidelik dat die absolute besteding per persoon in bykans al die gevalle gestyg het namate 'n hoër inkomstegroep bereik word. Die grootste toenames in hierdie verband het voorgekom ten opsigte van die kategorieë bydraes tot huishoudelike uitgawes, kruideniersware en voedsel, klerasie, paaiemente op duursame goedere en besparing. Wat persentuele toename of afname in besteding betref, is daar slegs enkele duidelike tendense ten opsigte van al drie dorpe waarneembaar, waarvan die belangrikste soos volg is:

### 3.1 HUISHUUR

Namate inkomste styg, word 'n kleiner gedeelte van totale besteding per

persoon aan huishuur bestee ten spyte van 'n deurgaanse styging in absolute besteding per persoon ten opsigte van hierdie kategorie. 'n Goeie voorbeeld hiervan is Giyani waar die absolute besteding van die hoër inkomstegroep drie keer so veel is as dié van die laer inkomstegroep (R6,06 teenoor R1,94) maar dit nogtans 'n aansienlik kleiner persentasie (3,5% teenoor 8,9%) van die totale besteding uitmaak.

3.2 BRANDSTOF

Ten spyte van 'n toename in absolute besteding per persoon ten opsigte van brandstof, het die persentuele besteding per persoon 'n dalende neiging getoon. In die geval van Ma-Kwarela byvoorbeeld, is die absolute besteding per persoon van die hoër inkomstegroep bykans drie keer soveel as in die geval van die laer inkomstegroep (R4,61 teenoor R1,67) terwyl die persentuele besteding slegs 3,3 persent is teenoor 7,7 persent by die laer inkomstegroep.

3.3 KRUIDENIERSWARE EN VOEDSEL

In die geval van kruideniersware en voedsel is dit opmerklik dat die besteding per persoon 'n besonder groot styging getoon het in vergelyking met die ander bestedingskategorieë. Ten spyte hiervan het die persentuele besteding nogtans 'n daling getoon soos byvoorbeeld blyk uit die geval van Ma-Kwarela waar die persentuele besteding van die hoër inkomstegroep slegs 16,5% is teenoor 28,0% van die laer inkomstegroep, terwyl die absolute besteding van laasgenoemde groep R6,06 beloop teenoor R22,99 in die geval van die hoër inkomstegroep.

3.4 PAAIEMENTE OP DUURSAME GOEDERE

Dit is 'n algemene verskynsel dat besteding op duursame goedere toeneem namate inkomste styg. Die verskynsel is dan ook in die drie betrokke dorpe waarneembaar, waar die absolute sowel as die persentuele besteding ten opsigte van hierdie bestedingskategorie 'n styging getoon het. In Seshego is die absolute besteding van die laer inkomstegroep byvoorbeeld R1,98 teenoor R21,73 van die hoër inkomstegroep wat 'n persentuele besteding van 8,9% en 21,6% onderskeidelik verteenwoordig.

3.5 BESPARING

In die geval van Giyani en Ma-Kwarela veral, is die hoë vlak van besparing

TABEL 3.1

DIE MAANDELIKSE BESTEDINGSPATROON IN GIYANI VOLGENS INKOMSTEGROEP

| Bestedingskategorie | Groep 1: R1–R49 (146 persone) | | | Groep 2: R50–R99 (130 persone) | | | Groep 3: R100+ (56 persone) | | |
|---|---|---|---|---|---|---|---|---|---|
| | Totale besteding (R) | Gemiddelde besteding per persoon | | Totale besteding (R) | Gemiddelde besteding per persoon | | Totale besteding (R) | Gemiddelde besteding per persoon | |
| | | Bedrag (R) | % | | Bedrag (R) | % | | Bedrag (R) | % |
| 1. Bydraes tot huishoudelike uitgawes | 466,18 | 3,19 | 14,6 | 791,22 | 6,09 | 8,8 | 798,36 | 14,26 | 8,3 |
| 2. Huishuur | 282,87 | 1,94 | 8,9 | 519,24 | 3,99 | 5,7 | 339,40 | 6,06 | 3,5 |
| 3. Brandstof | 126,87 | 0,87 | 4,0 | 337,59 | 2,59 | 3,7 | 227,18 | 4,06 | 2,4 |
| 4. Vervoer | 151,54 | 1,04 | 4,7 | 471,61 | 3,63 | 5,2 | 614,00 | 10,96 | 6,3 |
| 5. Kruideniersware en voedsel | 751,04 | 5,14 | 23,5 | 1992,74 | 15,33 | 22,1 | 1864,89 | 33,30 | 19,3 |
| 6. Klerasie | 490,03 | 3,35 | 15,3 | 1490,83 | 11,47 | 16,5 | 1669,00 | 29,80 | 17,3 |
| 7. Paaiemente op duursame goedere | 185,59 | 1,27 | 5,8 | 1069,41 | 8,23 | 11,9 | 1598,19 | 28,54 | 16,5 |
| 8. Besparing | 395,50 | 2,71 | 12,4 | 1684,50 | 12,96 | 18,7 | 1699,27 | 30,34 | 17,6 |
| 9. Medisyne en doktersgelde | 37,75 | 0,26 | 1,2 | 44,45 | 0,34 | 0,5 | 139,58 | 2,49 | 1,4 |
| 10. Skryfbehoeftes en toiletware | 67,10 | 0,46 | 2,1 | 169,15 | 1,30 | 1,9 | 136,72 | 2,44 | 1,4 |
| 11. Rookgoed | 39,02 | 0,27 | 1,2 | 115,87 | 0,89 | 1,3 | 99,68 | 1,78 | 1,0 |
| 12. Drank | 79,80 | 0,55 | 2,5 | 173,75 | 1,34 | 1,9 | 180,29 | 3,23 | 1,9 |
| 13. Kerkbydraes | 29,79 | 0,20 | 0,9 | 67,01 | 0,51 | 0,7 | 106,86 | 1,91 | 1,1 |
| 14. Ander | 93,27 | 0,64 | 2,9 | 100,30 | 0,77 | 1,1 | 192,89 | 3,44 | 2,0 |
| TOTAAL | 3196,35 | 21,89 | 100,0 | 9027,67 | 69,44 | 100,0 | 9666,31 | 172,61 | 100,0 |

# TABEL 3.2
## DIE MAANDELIKSE BESTEDINGSPATROON IN MA-KWARELA VOLGENS INKOMSTEGROEP

| Bestedingskategorie | Groep 1: R1–R49 (146 persone) | | | Groep 2: R50–R99 (130 persone) | | | Groep 3: R100+ (56 persone) | | |
|---|---|---|---|---|---|---|---|---|---|
| | Totale besteding (R) | Gemiddelde besteding per persoon | | Totale besteding (R) | Gemiddelde besteding per persoon | | Totale besteding (R) | Gemiddelde besteding per persoon | |
| | | Bedrag (R) | % | | Bedrag (R) | % | | Bedrag (R) | % |
| 1. Bydraes tot huishoudelike uitgawes | 219,35 | 2,31 | 10,6 | 785,10 | 8,53 | 13,0 | 906,51 | 21,08 | 15,2 |
| 2. Huishuur | 200,41 | 2,11 | 9,7 | 325,90 | 3,54 | 5,4 | 228,11 | 5,30 | 3,8 |
| 3. Brandstof | 158,44 | 1,67 | 7,7 | 275,16 | 2,99 | 4,5 | 198,22 | 4,61 | 3,3 |
| 4. Vervoer | 60,62 | 0,64 | 3,0 | 127,90 | 1,39 | 2,1 | 183,99 | 4,28 | 3,1 |
| 5. Kruideniersware en voedsel | 575,51 | 6,06 | 28,0 | 1163,37 | 12,65 | 19,2 | 988,37 | 22,99 | 16,5 |
| 6. Klerasie | 226,30 | 2,38 | 11,0 | 954,46 | 10,38 | 15,8 | 560,00 | 13,02 | 9,4 |
| 7. Paaiemente op duursame goedere | 118,00 | 1,24 | 5,7 | 718,81 | 7,81 | 11,9 | 886,64 | 20,62 | 14,8 |
| 8. Besparing | 351,12 | 3,70 | 17,1 | 1183,78 | 12,87 | 19,6 | 1443,07 | 33,56 | 24,2 |
| 9. Medisyne en doktersgelde | 18,65 | 0,20 | 0,9 | 55,43 | 0,60 | 0,9 | 48,33 | 1,12 | 0,8 |
| 10. Skryfbehoeftes en toiletware | 18,73 | 0,20 | 0,9 | 54,26 | 0,59 | 0,9 | 75,48 | 1,76 | 1,3 |
| 11. Rookgoed | 20,08 | 0,21 | 1,0 | 106,25 | 1,15 | 1,7 | 99,84 | 2,32 | 1,7 |
| 12. Drank | 39,26 | 0,41 | 1,9 | 149,49 | 1,63 | 2,5 | 120,77 | 2,81 | 2,0 |
| 13. Kerkbydraes | 19,10 | 0,20 | 0,9 | 39,72 | 0,43 | 0,6 | 23,15 | 0,54 | 0,4 |
| 14. Ander | 33,60 | 0,35 | 1,6 | 114,16 | 1,24 | 1,9 | 210,19 | 4,89 | 3,5 |
| TOTAAL | 2059,17 | 21,68 | 100,0 | 6053,79 | 65,80 | 100,0 | 5972,67 | 138,90 | 100,0 |

TABEL 3.3

DIE MAANDELIKSE BESTEDINGSPATROON IN SESHEGO VOLGENS INKOMSTEGROEP

| Bestedingskategorie | Groep 1: R1–R49 (146 persone) | | | Groep 2: R50–R99 (130 persone) | | | Groep 3: R100+ (56 persone) | | |
|---|---|---|---|---|---|---|---|---|---|
| | Totale besteding (R) | Gemiddelde besteding per persoon | | Totale besteding (R) | Gemiddelde besteding per persoon | | Totale besteding (R) | Gemiddelde besteding per persoon | |
| | | Bedrag (R) | % | | Bedrag (R) | % | | Bedrag (R) | % |
| 1. Bydraes tot huishoudelike uitgawes | 2 789 | 2,80 | 12,5 | 765 | 3,05 | 7,3 | 339 | 6,16 | 6,1 |
| 2. Huishuur | 1 425 | 1,43 | 6,4 | 550 | 2,19 | 5,2 | 162 | 2,94 | 2,9 |
| 3. Brandstof | 961 | 0,96 | 4,3 | 381 | 1,52 | 3,6 | 151 | 2,75 | 2,7 |
| 4. Vervoer | 2 131 | 2,14 | 9,6 | 506 | 2,02 | 4,8 | 276 | 5,02 | 5,0 |
| 5. Kruideniersware en voedsel | 5 414 | 5,43 | 24,3 | 2 454 | 9,78 | 23,4 | 1 029 | 18,71 | 18,5 |
| 6. Klerasie | 2 032 | 2,04 | 9,1 | 1 353 | 5,39 | 12,9 | 909 | 16,53 | 16,4 |
| 7. Paaiemente op duursame goedere | 1 970 | 1,98 | 8,9 | 1 403 | 5,60 | 13,4 | 1 195 | 21,73 | 21,6 |
| 8. Besparing | 1 513 | 1,52 | 6,8 | 1 097 | 4,37 | 10,4 | 470 | 8,55 | 8,5 |
| 9. Medisyne en doktersgelde | 121 | 0,12 | 0,5 | 64 | 0,25 | 0,6 | 80 | 1,45 | 1,4 |
| 10. Skryfbehoeftes en toiletware | 693 | 0,69 | 3,1 | 171 | 0,68 | 1,6 | 150 | 2,73 | 2,7 |
| 11. Rookgoed | 850 | 0,85 | 3,8 | 387 | 1,54 | 3,7 | 117 | 2,13 | 2,1 |
| 12. Drank | 1 087 | 1,09 | 4,9 | 576 | 2,29 | 5,5 | 355 | 6,45 | 6,4 |
| 13. Kerkbydraes | 326 | 0,33 | 1,5 | 189 | 0,75 | 1,9 | 94 | 1,71 | 1,7 |
| 14. Ander | 957 | 0,96 | 4,3 | 606 | 2,41 | 5,8 | 223 | 4,05 | 4,0 |
| TOTAAL | 22 269 | 22,34 | 100,0 | 10 502 | 41,84 | 100,0 | 5 550 | 100,91 | 100,0 |



26584

opvallend. Hoewel absolute besparing toeneem namate inkomste styg, blyk dat die hoër inkomstegroep in Seshego geneig is om relatief minder te spaar. Hierdie neiging kan waarskynlik toegeskryf word aan die feit dat Seshego naby 'n groot Blanke dorp geleë is waar kredietgeriewe by Blanke handelaars beskikbaar is. Die persentuele besteding per persoon op paaiemente op duursame goedere in Seshego toon dan ook 'n veel groter toename namate inkomste styg, as in Giyani en Ma-Kwarela. Die besonder hoë vlak van besparing in Giyani en Ma-Kwarela dui waarskynlik op die feit dat dié twee dorpe nie naby groot Blanke handelsentra waar kredietgeriewe beskikbaar is, geleë is nie en die betrokke mense dus geneig sal wees om 'n groter deel van hul inkomste te spaar ten einde goedere aan te koop.

## 3.6 ANDER BESTEDINGSKATEGORIEË

Wat die ander bestedingskategorieë betref, kan daa e volstaan word dat die absolute besteding per persoon in bykans al die gevalle 'n styging getoon het, namate inkomste styg. Die relatiewe besteding het egter in so 'n mate gefluktueer dat geen duidelike tendense daaruit waarneembaar is nie.

## 4 GEVOLGTREKKING

Aangesien die bestedingskategorieë wat in hierdie ondersoek onderskei is, *voorsiening maak* vir fondse wat nie noodwendig direk op goedere en dienste bestee word nie (vgl. kategorieë besparing en ander ), kan dit as 'n redelike weergawe van persoonlike maandelikse besteding beskou word. Die vernaamste waarnemings wat uit hierdie ondersoek voortvloei, is eerstens dat besteding in bykans al die vermelde kategorieë toeneem namate persoonlike inkomste toeneem. Die grootste absolute toenames in persoonlike besteding ten spyte van persentuele afnames word aangetref in die kategorieë bydraes tot huishoudelike uitgawes, kruideniersware en voedsel, asook klerasie. In die geval van paaiemente op duursame goedere word 'n aansienlike styging persentueel en absoluut aangetref.

'n Belangrike gevolgtrekking wat hieruit voortvloei, is dat die vraag na tersiêre goedere en dienste vinnig toeneem namate persoonlike inkomste styg. Die opmerklikste styging is die vraag na duursame goedere. Indien hierdie tendens as algemeen geldend vir tuislandgroeipunte beskou word, kan daar aangeneem word dat 'n steeds groeiende behoefte aan ondernemings wat verbruiksgoedere verskaf, aangetref sal word namate inkomes en lewensstandaarde styg. 'n Snelle ontwikkeling van nywerheidsgroeipunte kan dus as newe-effek geleenthede bied aan Bantoe-ondernemers in die handelsektor om in 'n stygende vraag na verbruiksgoedere en dienste - veral duursame goedere - te voorsien.

RGN BIBLIOTEEK | HSRC LIBRARY